

DIERESORG

SIEN SÓ OM NA DIERE NÁ VELDBRANDE

DIE onlangse veldbrande in die Vrystaat het opnuut bevestig dat veldbrande dikwels groot gebiede kan raak en honderde of duisende vee ernstig beseer word of vrek, luidens die koördineringskomitee vir die welsyn van vee.

Tydens die nadraai is spoedeisende en gepaste verstandige optrede noodsaaklik om verliese én diere se lyding tot 'n minimum te beperk. Mense wat boere help en vee-eienaars moet as 'n span saamwerk om die beste uitkomst te behaal.

Indien die betrokke gebied 'n rampbestuursprogram en -span het, is dit die beste manier om stappe te koördineer. Indien daar nie so 'n program is nie, behoort 'n rampbestuursprogram vir die gebied ingestel te word vir toekomstige gebruik.

Vir vee hang die prognose af van die erns van die brandwonde en dit is noodsaaklik om die ontleding van die betrokke diere op 'n stelselmatige manier te doen. Gegronde op navorsing wat in Australië gedoen is, behoort diere in drie groepe ingedeel te word.

■ Diere wat lig of matig geraak is.

Dié diere sal maklik en normaal asemhaal, met min of geen hoes of kortasemheid nie. Hulle sal maklik kan loop en normaal kan eet en drink. Hare of wol kan geskroei wees en die vel kan slegs liggies geskroei wees (eerste graadse brandwonde) oor beperkte dele van die liggaam. Dié matige, oppervlakkige brandwonde kan behandel word en as die diere goeie sorg, skuiling, voer en water kry, is die prognose baie goed.

■ Matig geaffekteerde gevalle.

Dié diere kan kortasem wees, swaar asemhaal en hoes, maar steeds daartoe in staat wees om te loop, te staan en te vreet en drink. Hulle kan ernstiger wonde (tweedegraadse wonde) oor groter dele en reaktiewe onderhuidse swelling toon. Die vel op die diere se pote kan matig geaffekteer wees of glad nie. Kloue kan 'n mate van skade toon.

As dié diere behoorlik behandel en versorg word tot hulle op die pad na volkome herstel is, is hul prognose goed. Die besluit om diere intensiewer te behandel, moet geneem word met inagneming van sekere faktore, soos die getal diere, die beskikbaarheid van gepaste medikasie, die aantal mense wat beskikbaar is om daaglikse evaluasies en behandelings uit te voer, die koste wat betrokke is, en die waarde van die diere.

Skade aan speenopenings kan daartoe lei dat vroulike diere in die toekoms nie daartoe in staat sal wees om kalwers, lammers of boklammers te voed nie.



Heinings moet geknip word dat brandspanne kan deurbeweeg en diere van vlamme kan ontsnap. Miljoene rande se skade wat met lewensverlies gepaardgaan het, is vanjaar landwyd deur wegholbrande aangerig. Duisende hektaar weiveld is vernietig. FOTO: LBW-ARGIEF

■ Diere wat ernstig geraak is.

Dié groep sal gewoonlik ernstige asemhalingsprobleme toon en hoes weens die inasem van rook en nie kan loop, vreet of drink nie. Daar kan ernstige (derdegraadse) brandwonde op hul lywe wees, terwyl ernstige brandwonde op die laer bene 'n besonder slegte teken is.

Aangesien die prognose in dié gevalle swak is, selfs met besonder goeie behandeling, word rasionale en menswaardige genadedood aanbeveel om 'n einde aan lyding te bring.

BEHANDELING

Die toewysing van gevalle aan dié drie kategorieë is noodwendig ietwat subjektief en dit moet gemaak word met inagneming van die diere sowel as die eienaars se beste belange.

Beseerde diere wat nie op behandeling reageer nie, moet moontlik na 'n laer kategorie toegewys word.

Behandelings sal onderhewig wees aan die besluite van veeartse, maar die volgende kan van hulp wees: Vir ligte tot matige brandwonde moet rome, wondsalaf of antiseptiese middels oorweeg word. Vir ernstige wonde in baie waardevolle diere word geregistreerde produkte aanbeveel.

Sistemiese antibiotika word sterk aanbe-

veel vir alle gevalle waar die longe beskadig is of waar 'n sekondêre infeksie 'n gevaar is. Baie lewens kan só gespaar word. Analgetika kan waar moontlik ingespan word om die ernstige pyn wat deur brandwonde veroorsaak word, te verlig.

As 'n diere wat met analgetika behandel is, vrek, kan die karkas egter 'n bedreiging vir aasvoëls inhou en daarom moet daar op 'n veilige manier van die karkas ontslae geraak word.

Ondanks oënskynlike swak prognoses, kan sommige van die diere herstel as hulle goed versorg word en die gepaste behandeling ontvang.

Dit sluit beskermde verbande, antiseptiese middels, beddegoed, kos en water in. Kloue kan weer binne 'n paar weke vorm, hoewel dit in 'n mate misvorm kan wees.

SLAG IN NOOD

Slegs vee wat aan die vleisveiligheidsregulasies voldoen ten opsigte van die vereistes vir die aanvaarding van die slag van diere in nood, kan vervoer word. Erg beseerde en onvanpaste diere mag nie na abattoirs vervoer word nie, aangesien dit tot onnodige lyding en verwerping by die abattoir sal lei. Raadpleeg vooraf met die naaste abattoir om te bepaal of vee gepas is vir slagting. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za